PERSVERKLARING / PRESS RELEASE

CONTACT:
Municipal Manager: Coenie Groenewald
Tel: 028 313 8003 | cgroenewald@overstrand.gov.za
Overstrand Municipality

Social Media & Media Co-ordinator
Riana Steenekamp
Tel: 028 313 8043 | rsteenekamp@overstrand.gov.za

22 Oktober 2018

Hoe gemaak met herwinbare afval tot tyd en wyl…

Die herwinningsaanleg in Hermanus is tydens die onluste onherstelbaar beskadig, en sedertdien het berigte op sosiale media die rondte gedoen dat inwoners hul herwinbare afval by die OK Minimark in Voëlklip se vullisaflaaiplek kan stort.

Ongelukkig is die munisipaliteit nie in hierdie saak geken nie, en word dié fasiliteit, wat slegs as ’n “naweek”-aflaaiplek bestem is, nou oorlaai.

Intussen het Jacques van Niekerk, die nuwe eienaar van Walker Bay Recycling, bevestig dat dié onderneming tans besig is om ’n klein sorteringsfasiliteit in Sandbaai se industriële gebied te vestig.

Selfs al is hul fasiliteite op die oomblik nog effe beperk, nooi Van Niekerk besorgde inwoners van Hermanus om hul herwinbare artikels by die nuwe depot in Argonstraat, Sandbaai Industrieel af te laai.

“Ons herwin karton, papier, glas en plastiek,” sê Van Niekerk, “en mense is welkom om my by 083 452 7465 te skakel as hulle enige navrae het”.

Intussen gaan die munisipaliteit voort met die beplanning van ’n nuwe herwinningsfasiliteit sodat die volle “deurskynende sak”-diens vir herwinbare afval sowel as ’n aflaaiplek vir tuinvullis en huishoudelike vaste afval weer tot inwoners se beskikking gestel kan word.

Ooreenkomstig munisipale wetgewing, sal openbare tenders vir die bedryf van die nuwe herwinningsaanleg aangevra word en sal die publiek deurentyd ingelig gehou word oor vordering in hierdie verband.

Intussen word inwoners aangemoedig om by die gebruiklike dae vir en reëlings rondom die afhaal van huishoudelike afval te hou.

Let ook daarop dat die ander oorlaaistasies/stortingsterreine/depots steeds operasioneel is en dat daar van hierdie terreine gebruikgemaak moet word vir die storting van huishoudelike afval en tuinvullis (vragte minder as 1 ton).

Alle kommersiële storting (afval, bourommel en tuinvullis) moet egter by die Karwyderskraal-stortingsterrein gestort word.

EINDE / END